SAOU **Noord-Kaap • Northern Cape**
Posbus 110156 Hadisonpark 8306 E-pos: saounk@saou.co.za
☎ 053 832 2727 Faks 053 832 2460

SPLINTERNUUS

27 Augustus 2015 No: 19 van 2015

BEMAGTIGING: FETALE ALKOHOLSINDROOM (FAS)

Die SAOU (Noord-Kaap) is tans, in opdrag van die provinsiale Dagbestuur, met die Foundation for Alcohol Related Research (FARR) in gesprek oor die aanbieding van 'n 3-dag geakkrediteerde kursus vir onderwysers oor die hantering van leerders met Fetale Alkoholsindroom (FAS) in die klas.

The course combines both theory an practical techniques for dealing with children with a range of learning difficulties, developmental challenges and Fetal Alcohol Spectrum Disorder (FASD) in the classroom. It also takes a broad look at the impact of substance abuse and it equips teachers to manage children with FASD and other learning difficulties in class.

The course will enable teachers to:

- *Describe FASD and FAS.*
- *Discuss the leading causes of FASD in their own communities.*
- *Describe the process of diagnosing and managing the child with FASD.*
- *Explain the important challenges faced by the child with FASD.*
- *Identify areas of the child's strength and challenges.*
- *Implement interventions to address learning challenges including attention, stucture and routine in class, emotional/psychosocial issues and sensory modulation.*

Die plan is om die kursus aanvanklik oor twee dae (Vrydagmiddag, -aand en Saterdag) aan te bied. Die derde dag is gewoonlik 'n praktiese sessie waarin onderwysers touwys gemaak word in die hantering van die "tool kit" wat as deel van die kursusmateriaal uitgedeel word. Die aanbieders is bereid om die praktiese deel op 'n later stadium teen geen verdere koste aan te bied. Lede sal dan net weer by die aanbiedingsentrums moet kom.

Die koste verbonde aan die kursus beloop R3 750,00 per persoon, maar die HUB van FARR is bereid om fondse in te samel sodat ons lede slegs vir die gewone registrasiegeld (R50 per lid), reis en verblyf/etes verantwoordelik sal wees.

Gesien in die lig daarvan dat dit ook ander leerhindernisse aanspreek, is dit eintlik onontbeerlik vir lede om die kursus by te woon.

Ons beoog twee aanbiedings in die provinsie nl. een in Kimberley en een in Calvinia of Upington, afhangende van die belangstelling van lede soos aangetoon in die opname.

Skoolorganiseerders moet asseblief vir ons die vraelys voltooi en die inligting faks of per e-pos stuur aan mev. Ursula van der Merwe. Indien daar nie 'n skoolorganiseerder by 'n betrokke skool is nie, versoek ons 'n ander lid van die SAOU of die skoolhoof om vir ons die inligting deur te stuur. Hierdie inligting is baie belangrik om FARR te help met die insameling van fondse, die bepaling van aanbiedingsentrums en -tye.

VRAELYS: FETALE ALKOHOLSINDROOM

(FAKS AAN 053 832 2460 VIR AANDAG URSULA OF EPOS AAN ursulavdm@saou.co.za)

SKOOL: ……..

SKOOLORGANISEERDER: ……

		GETAL
Aantal lede wat sessie sal bywoon		
Aantal nie-lede wat belangstel om sessie by te woon		
Keuse van sentrum (meld getal)	Kimberley	
	Upington	
	Calvinia	
Keuse van maand van aanbieding	Oktober	
	November	
	Februarie	
Verkies dat opleiding in April-vakansie (2016) oor 3 dae plaasvind		
Verkies verblyf in 'n koshuis		
Sal self reël in gastehuise		

……
HANDTEKENING

BEMAGTIGING: KEN JOU KORREKTE ROETES

Baie dankie aan almal wat die bemagtigingsessies, Ken jou Roetes, bygewoon het. Baie dankie ook aan die betrokke skole en personeel wat die plaaslike reëlings getref het. Dit word opreg waardeer.

SAOU APP

For instructions to download the SAOU App, click on the following link and follow the instructions:
http://www.saou.co.za/saou-application-app/.

EVALUEER DIE KWALITEIT VAN SAOU (NOORD-KAAP) SE DIENSLEWERING/ *EVALUATE THE QUALITY OF SERVICE DELIVERY OF THE SAOU (NORTHERN CAPE)*

Click here/Kliek hier: http://emailmanager.co.za/saou/2015-04-14-Questionnaire/questionnaire.asp

SLOTGEDAGTE

Hardships often prepare ordinary people for an extraordinary destiny….

- **C. S. LEWIS**